Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

APRIL 2026

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

KNIP, KNIP – EN DAAR GAAN JY! ONS VIER DIE HEUGLIKE GELEENTHEID VAN DIE OPENING VAN DIE HAWSTON-MINIBIBLIOTEEK VIR BLINDES. *Teenwoordig by die lintknip-seremonie is Arnie Africa, raadslid vir wyk 8, Francina Philander (Hawston-biblioteek), die direkteur van die provinsiale biblioteekdiens, Cecilia Sani, Hawston se bibliotekaresse, Belinda May, die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Ricardo MacKenzie, adjunk-burgemeester Elnora Gillion en raadslid Clinton Lerm.*

HAWSTON-BIBLIOTEEK BEVORDER TOEGANG VIR ALMAL

Wat 'n fantastiese opkoms vir die lintknipseremonie van die Hawston-minibiblioteek vir Blindes op 3 Maart 2026. Daar was 'n heerlike gevoel van vreugde en trots in die lug.

Rdh. Arnie Africa, raadslid vir wyk 8 en burgemeesterskomiteelid vir Korporatiewe Dienste, sê hierdie minibiblioteek is van beduidende waarde. Hawston-biblioteek, sê hy, was nog altyd 'n biblioteek met 'n hart en hierdie nuwe ruimte bewys dat niemand agtergelaat word nie.

Cecilia Sani, direkteur van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens, het die gaste herinner dat openbare biblioteke almal moet bedien – insluitend diegene wat blind of gesiggestremd is, of wat hindernisse moet oorkom om toegang tot inligting te kry.

Sy het die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes bedank vir hulle vennootskap, wat bystandstegnologie, toeganklike leesstof, oudioboeke en opleiding beskikbaar stel aan diegene wat dit die nodigste het.

Hermanus-biblioteek is sedert 2022 deel van die Biblioteek vir Bindes se program en het reeds 95 lede wat Envoys of Daisy-spelers gebruik. Soos Hawston-biblioteek het dit ook 'n rekenaar en 'n leesmasjien om gebruikers te help.

In sy programrede het die provinsiale Minister van Kultuursake en Sport, Ricardo MacKenzie, opgemerk dat Suid-Afrika 'n leesuitdaging in die gesig staar en dat die werk wat deur biblioteke en onderwysers gedoen word, dikwels ongesiens verbygaan.

> **Die diens wat hulle lewer en die deure wat hulle vir iemand se toekoms oopmaak, maak werklik saak.**

Hy het beklemtoon dat biblioteke veilige ruimtes bly waar kinders kan leer en groei, en het gesê dat die nuwe minibiblioteek 'n betekenisvolle verskil sal maak aan mense wat nie voorheen op die gewone manier toegang tot leesstof kon kry nie.

Die minister het almal bedank vir hulle verbintenis en passie, en dat hulle seker maak dat hierdie ruimte verwelkomend en ondersteunend vir almal is.

REKENINGE MOET BETAAL WORD

Overstrand-inwoners word daaraan herinner dat alle munisipale rekeninge betaalbaar bly en dat verbruikers hulle maandelikse betalings moet maak of formele betaalreëlings met die munisipaliteit moet tref as hulle nie hulle rekeninge ten volle kan betaal nie.

Verbruikers wat nie hulle betaalverpligtinge nakom nie, moet daarop let dat kredietbeheermaatreëls steeds in ooreenstemming met munisipale beleid geïmplementeer sal word.

Hierdie maatreëls kan beperking van water en skuldinvordering deur aanvullende heffings op elektrisiteitsaankope insluit.

Die Overstrand-munisipaliteit waarsku voorts dat inmenging by kontrakteurs wat kredietbeheerpligte uitvoer, nie geduld sal word nie.

Dit volg ná onlangse voorvalle in Kleinmond en Gansbaai waar inwoners 'n kontrakteur verhoed het om diensbeperkings uit te voer.

Inwoners was na bewering onder die verkeerde indruk dat 'n ooreenkoms bereik is om kredietbeheeroptrede op te skort. Die Overstrand-munisipaliteit wil dit duidelik stel dat geen sodanige ooreenkoms bestaan nie, en dat kredietbeheermaatreëls in werking bly.

Die munisipaliteit moedig alle huishoudings wat as hulpbehoewend kwalifiseer aan om om hulp aansoek te doen.

DAMVLAKKE EN WATERSTATUS

Jou watergewoontes maak 'n verskil

Teen middel Maart was die De Bos-dam se vlak 71,7%. Op dieselfde datum verlede jaar was vlakke op 82,7%. Weeklikse watergebruik in die Groter Hermanus was daardie week gemiddeld 16,1 Ml/dag, op vanaf 14,6 Ml/dag in die vorige week.

Ander damvlakke in die Overstrand-gebied:

- Buffelsrivierdam (Rooi-Els, Pringlebaai, Bettysbaai): 100%
- Kraaiboschdam (Gansbaai): 82%
- Pearly Beachdam: 95%
- Koekemoerdam (Pearly Beach): 40%, en waterbeperkings in Pearly Beach geld steeds.

Beroep op verantwoordelike verbruik

Water is 'n skaars en waardevolle hulpbron. Deurlopende samewerking is noodsaaklik om volhoubare voorraad te handhaaf en strenger beperkings te vermy. Deur water te bespaar, kan ons:

1. Dam- en grondwatervlakke bewaar
2. Toekomstige beskikbaarheid van water vir huishoudings, besighede en noodsaaklik dienste in stand hou

Wenke vir daaglikse waterbesparings:

- Hou storte kort
- Draai krane toe terwyl tande geborsel en skottelgoed gewas word
- Laai slegs volle bondels in wasmasjiene en skottelgoedwassers
- Gooi tuine vroeg in die oggend of laat in die aand nat
- Herstel lekkende krane en toilette onmiddellik
- Hergebruik gryswater waar moontlik

Meld lekkasies op die Overstrand Citizen App aan of skakel 028 3138111 (beskikbaar 24/7)

VERSTAAN JOU ELEKTRISITEITSVOORSIENING IN OVERSTRAND

Die Overstrand-munisipaliteit is verantwoordelik vir die verspreiding en retikulasie van elektrisiteit in die Groter Hermanus-, Hawston-, Groter Gansbaai-, Kleinmond- en Stanford-gebied. Elektrisiteit word van die nasionale kragvoorsiener gekoop en dan na kliënte in die munisipale toevoergebied versprei. Ander gebiede in die streek ontvang hulle krag direk van Eskom.

Aangesien elektrisiteitsretikulasie ingevolge die Grondwet die verantwoordelikheid van plaaslike regering is, moet die munisipaliteit verseker dat elektrisiteit veilig, betroubaar en volgens nasionale standaarde verskaf word. Dit sluit in die beplanning en instandhouding van die elektrisiteitsnetwerk, versekering van akkurate meting en fakturering, en die instandhouding van diensverbindings aan kliënte.

Die meeste huishoudelike kliënte in die Overstrand gebruik voorafbetaalde-elektrisiteitsmeters, wat vereis dat elektrisiteit vooraf gekoop moet word.'n Paar bestaande eiendomme gebruik nog kredietmeters, waar elektrisiteitsgebruik maandeliks gefaktureer word.

KOSTE VAN VOORSIENING EN TARIEFSTRUKTUUR

Die munisipaliteit se elektrisiteitstariewe word gegrond op 'n koste van voorsiening (CoS)-studie, wat verseker dat alle kliënte – klein en groot – tariewe betaal wat die ware koste van die voorsiening van elektrisiteit aan hulle kategorie van verbinding weerspieël.

Hulpbehoewende kliënte

Huishoudings wat kwalifiseer, ontvang steeds subsidies vir basiese heffings, kapasiteitsheffings (tot 30 ampere), en gratis basiese elektrisiteit, wat deur die nasionale Deernishulp-toekennings ondersteun word. Dit verseker dat lae-inkomste huishoudings toegang tot noodsaaklike elektrisiteitdienste behou.

Klein kliënte

Huishoudelike en klein besigheidsgebruikers betaal tariewe wat die volle koste van voorsiening weerspieël. Dit sluit in:

- **'n Basiese koste** wat vaste koste soos meting, fakturering, inkomste-invordering en kliëntedienste dek
- **'n Kapasiteitsheffing** gegrond op die kliënt se geïnstalleerde of beperkte verbindingskapasiteit
- **'n Energieheffing** wat die koste van elektrisiteit, verliese en surplus-vereistes dek

Groot kliënte

Hierdie kliënte word gefaktureer met 'n tyd-van-gebruik (ToU)-tarief, wat met Eskom se Municflex-struktuur ooreenstem. Dit verseker dat koste gebruik-spatrone weerspieël en moedig doeltreffende elektrisiteitsverbruik aan.

Inwoners het onlangs die geleentheid gehad om as deel van die openbaredeelname-proses oor die beoogde elektrisiteitstariefaanpassings vir die 2026/27- finansiële jaar kommentaar te lewer. Ná 'n hofbevel van 20 Februarie 2026 moet munisipaliteite hulle elektrisiteitstariefaansoeke teen 31 Maart 2026 aan die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) voorlê. Die munisipaliteit bedank alle inwoners wat tydens hierdie proses deelgeneem en terugvoer verskaf het.

IMPAK OP KLIËNTE

Wanneer dit goedgekeur is, sal die tariewe kliënte verskillend raak, afhangend van hulle gebruik en kategorie. Terwyl die energiekoste werklike verbruik weer-spieël, ondersteun die basiese en kapasiteitskoste die instandhouding, bedryf en opgradering van die elektrisiteitsnetwerk om 'n veilige en betroubare toevoer vir almal te verseker. Die CoS-benadering verseker billikheid en deursigtigheid, en dat alle kliënte betaal vir die ware koste van die elektrisiteitsdiens wat aan hulle verskaf word.

Die Overstrand-munisipaliteit bly daartoe verbind om 'n veilige, betroubare en volhoubare elektrisiteitsvoorsiening te verskaf terwyl daar vir die toekoms beplan word en alternatiewe energie-oplossings ondersoek word om die groei en ontwikkeling van die streek te ondersteun.

ESKOM OF MUNISIPALE TOEVOER?

Elektrisiteit in die Overstrand-munisipaliteit-gebied word óf deur Eskom óf deur die Overstrand-munisipaliteit, verskaf, afhangend van die voorstad of ontwik-keling. Inwoners word aangeraai om te kontroleer watter owerheid vir hulle gebied verantwoordelik is om akkurate fakturering en diensnavrae te verseker.

1. Munisipale elektrisiteitsvoorsiening

Groter Hermanus: Dele van Fisherhaven (Meerenbosch, Middelvlei Reservaat, Meerensee, Sandownbaai, Flamingobaai), Sandbaai, Zwelihle, Mount Pleasant, Westcliff, Hermanus SSG & Industria, Northcliff, Eastcliff, Fernkloof Estate/Village & Golf Course, Voëlklip

Groter Gansbaai: De Kelders, Gansbaai SSG & Industria, Blompark, Franskraal, Kleinbaai, Romansbaai, Masakhane, Pearly Beach.

Kleinmond SSG-gebied: Kleinmond, Palmiet, Overhills, Proteadorp, Uitbreiding 6

Stanford: Tussen Die Kop en Stanford Kennels

2. Eskom-elektrisiteitsvoorsiening

Groter Hermanus:
Hemel-en-Aardevallei & landgoed, grootste deel van Onrus (Berghof, Bosplasie, Chanteclair, Kidbrooke, Onrus Manor), Vermont, Hawston, Fisherhaven, Benguela Cove

Gansbaai-gebied: Baardskeerdersbos, Buffeljags, Die Damme in die rigting van Elim en plase

Kleinmond-gebied: Arabella, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooi-Els

Stanford-gebied:
Vanaf Die Kop tot voor De Kelders, Stanhaven tot by Caledon-plase, Stanford Kennels tot by Hermanus-plase

Overstrand-inwoners

Collab Citizen App

GEBRUIK DIE CITIZEN TOEPASSING
OM DIENSVERSOEKE AAN TE MELD EN DAARMEE TRED TE HOU

Ons het 'n omvattende PDF-gids saamgestel wat stap-vir-stap-instruksies met prente bevat sodat jy vinnig enige funksie kan kry en die Overstrand Collab Citizen Toep ten volle kan gebruik.

Watter inligting is in die PDF:

1. **Laai die Collab Citizen Toep af** – soek die groen Collab Citizen Toep-ikoon in jou foon se app-winkel.
2. **Registreer op die Toep** – ID-nommer is tans opsioneel, maar dit sal nodig wees wanneer die rekeningstaat-funksie aktief is om jou rekening te verifieer.
3. **Teken 'n diensversoek aan** – van meterlesings tot straatligherstelwerk, slaggate en riooltenkversoeke – alle versoeke word 24/7 gemoniteer en toegewys.
4. **Bestuur adresse** – as 'n adres nie herken word nie, wys die PDF jou hoe om 'n akkurate een te verskaf. Jy kan talle adresse bêre en gunstelinge merk deur die *Favourites*-ikoon te gebruik.
5. **Lees en voeg kommentaar by** – sien die jongste inligting oor versoeke, tik kommentaar en heg foto's aan. Ons bywerkings verskyn aan die linkerkant, jou kommentaar aan die regterkant.

Gebruik die Citizen Toep en kyk vandag na hierdie handige gids om ingelig te bly oor jou diensversoeke. Klik op Overstrand Collab Citizen-skakel op die munisipale webtuiste, www.overstrand.gov.za: www.overstrand.gov.za/overstrand-collab-citizen-app/